

*Engel met vlerke van klip*

Seb staan onder die boom aan't vroetel met die Rubik-kubus aan sy sleutelring. Hy kan om die dood nie verstaan hoe jy veronderstel is om op die ou end al die blokkies te kry waar jy hulle wil hê nie, elke kant net een kleur. Om met die speelding te karring is bloot iets om te doen terwyl hy wag, en hy hou daarvan om na die helder kleure te kyk. Sy swart pak sit los aan sy maer, geboë lyf. Sy skoene en sy das is ook swart, en vandag dra hy die hemp met die pers skynsel. Hulle kleredrag moet sober wees, glo die baas, maar moet tog 'n tikkie hoop suggereer. Die weer speel nie saam nie – die grys stuifreën hou geen belofte in nie. Die boom hou hom amper droog en hy kan sy bril op hou, maar elke nou en dan glip 'n druppel uit sy yl hare en verby sy boordjie af. Hy kon in die kar gesit en droog gebly het, maar sy kollega Ernie het op pad hierheen gerook en dit het gevoel soos selfdood om in daardie dampe aan te hou sit. Nie dat Seb bang is vir die dood nie – hy werk daagliks daarmee – maar hy is nog nie gereed om hierdie lewe te verlaat nie, saai ofte not.

Ernie is nog jonk, en het meer weerstand teen ander mense se smart. Ná twintig jaar in die beroep het Seb soveel hartseer gesien as wat hy maar kan verduur. Sover moontlik vermy hy dit om begrafnisse by te woon, maar Ernie se gewone maat, Derick, het 'n ander verpligting – waarskynlik 'n werksonderhoud – en Ernie is nog nie ervare genoeg dat hulle hom kan vertrou om alles alleen te doen nie. Seb het by die kerk die voortou geneem, en laat die take by die graf aan Ernie oor, terwyl hy op 'n afstand 'n ogie hou. Die jong man is nog geïnteresseerd in die werk se meganiese aspekte, soos die rollers wat, as jy die hefboom oorstoot, wrywing teen swaartekrag inspan om die kis stadig in die aarde te laat afsak.

Stemme verrys in samesyn, 'n swarmoedige lied, en Seb kyk na die mense rondom die graf. Hulle is ook onder die waaksame oog van 'n klipengel wat op die graf langsaan pryk. Dit is die einde van die teraardebestelling. Hulle sing vir die lae wolke, miskien verbeel hulle hulle dat God in die grys newel luister, dat Hy reëndruppels huil, of miskien is dit trane van blydskap oor die ontslapene se siel wat in die hemel aankom. Godsdien is vir Seb minstens net so verbysterend soos die Rubik-raaisel. Hy werk met dooie lywe, die oorskietvleis, sien groen en pienk sappe sytel, niks wat lyk of dit 'n siel kan wees nie.

Die eerste mense breek van die groep af weg, hou

mekaar aan die elmboog of om die skouers vas. Sambrele flap oop, swart en blou en skelrooi, 'n gele met 'n smiley face op. Die roubeklaers loop langzaam terug na die parkeerterrein toe. Volgens Seb se berekening sal twee hulle motorbatterye pap aantref, omdat hulle hulle ligte aan vergeet het. Straks kan iemand 'n redelike bestaan maak deur karre by begraafplase aan die gang te kry.

Toe hy terugkyk, is daar nog net die predikant in sy teatrale toga – met sy heilige boek in sy hande terwyl hy koponderstebo agteruit tree – en 'n handjievollense langs die oop graf. Die weduwee klou aan haar broer, wat die begrafnisreëlings getref het, en dan is daar 'n vrou, seker sy eggenoot, en twee jongmense, die volgende geslag wat aantree vir die dood. Hulle draai een vir een om, haak hulle arms diékant en daai kant om mekaar, en loop weg met stampe en stote soos rangerende treine.

Seb druk die sleutels in sy broeksak en bêre sy bril in sy baadjie se binnesak – reën op die lense maak dit nutteloos – en staan eerbiedig nader, met sy kop effe gekantel en sy hande wat mekaar geselskap hou. Hy tree versigtig oor die ongelyke grond. Hy sukkel met sy knieë ná 'n klomp ambisieuse pogings in die driesprong toe hy jonk was. Die oorledene se broer knik toe hy Seb se oog vang, en hou verby.

Seb loop tot waar Ernie hurk, blond en pienk en

spekkerig. Die jong man karring met die hefboom op die chroomraam wat die graf omring. Sonder die dooie se gewig om dit voort te dryf, beweeg die ratte nie.

Anderkant die gat het die twee grafgrawers sigarette opgesteek.

“Ons hou aan om hulle te plant,” sê die oudste een, “maar niks groei ooit nie.”

“Nou wat dan van al hierdie?” kap sy maat terug, en wys na die grafstene. “Hulle slaan oral op.”

Die twee grinnik daaroor. Dan loop die oudste een om die laaigraaf te gaan haal, terwyl die jongetjie begin om die sintetiese grasmatte rondom die graf bymekaar te maak.

Seb haak die groen nylonbande aan een kant van die chroomraam los en loop om na die ander kant toe. “Ernie, kom help ’n bietjie hierso.”

“Net ’n oomblik, ek wil net sien hoe hierdie . . .”

Ernie sal enigiets doen om werk wat vuil maak te vermy.

Die nylonbande is glad van die modder, en glip maklik onder die kis uit. Toe Seb hulle uitryg en eenkant gooi, swiep een van die punte om en skiet modder op sy pak. Verdomp! Hy probeer dit afvee, maar dit maak ’n bruin vlek. Hy sal die pak weer droogskoonmaker toe moet vat. Sy rekening daar is byna soveel as wat sy tienerseun aan deodorant spandeer, of sy Goth-dogter aan maskara. Hy rol die bande op

en begin die chroomraam losskroef. Nou kom sit Ernie eers hand by, dra twee van die stukke eenkant toe vir die grafgrawers om weg te vat nadat hulle die gat toegewooi het.

Die ouer man kom poer-poer met die pad langs, op 'n rooi trekker met 'n laaigraaf-arm agteraan.

“Komaan,” sê Seb vir Ernie.

“Ek wil dit sien.” Die jong man vergaap hom aan die masjinerie. Hy was voorheen 'n motorverkoopman, en hou van goed wat dreun.

Nou ja, ek kan nie eintlik natter word as wat ek is nie, dink Seb. Hulle bly dus maar staan, terwyl die begraaftplaaswerker die trekker aan die graf se voetenent in posisie bring, die stabiliseringspote laat sak en die grond in die gat begin gooi. Die laaigraaf se rukkerige bewegings hou Seb se aandag nie lank nie, en hy kyk liewer na die operateur wat die een hefboom ná die ander skuif en dit blykbaar geniet om al daardie krag tot sy beskikking te hê.

Sodra die grond omtrent gelyk is, skakel die man die masjien af en sluit by sy kollega aan om die graf met skopgrawe af te rond.

Hierdie deel interesseer Ernie nie. “Ek dink ons kan maar tjaila.”

Uiteindelik.

Dit reën nou harder. Iewers op 'n kol moes Seb aan sy nek geraak het, 'n druppel of iets het hom gekie-